



GEKWILTE SNUISTERE


deur CAROL STONE

foto's FRANCO CARDINI

TAFELMATJIE

BENODIGDHEDE: Matjie: 40 cm gekwilde materiaal, 90 cm breed; kontrasterende skuinsband; bypassende garing; geskikte gom. **Appliekwerk:** Oorskietkatoenstof en aanstryk-vilene; bypassende DMC-masjienborduurgaring; papier; geskikte gom.

AANWYSINGS: Matjie: Vergroot patroon volgens diagram (REGS) op ruitjiespapier waarvan elke blokkie 1 cm groot is. Knip patroon uit gekwilde materiaal en kaliko, plaas pante met verkeerde kante opmekaar en sigsag rafelrande. Boor rafelrande nou met skuinsband om. **Appliekwerk:** Teken motief (ongeveer 9 cm lank) of voorletter (ongeveer 8 cm) op strykkant van aanstryk-vilene. Stryk vilene op verkeerde kant van katoenlappie vas en knip motief of voorletter uit. Plak motief nou in posisie op tafelmattie vas, maar gebruik so min gom as moontlik. Plaas tafelmattie met verkeerde kant onder op 'n vel papier en sigsag dig al met buitelyne van motief langs, met bypassende garing. Trek papier af.



SERVET

BENODIGDHEDE: Servet: 'n Vierkantige katoenlappie van 30 cm en bypassende garing. **Appliekwerk:** Oorskietkatoenlappies; aanstryk-vilene; papier; geskikte gom.

AANWYSINGS: Servet: Soom rafelrand van lappie 1,5 cm breed om en doen appliekwerk soos vir tafelmattie.

BORSLAP

BENODIGDHEDE: Borslap: Gekwilde materiaal en kaliko, elk 20 x 16 cm groot; skuinsband; bypassende garing. **Appliekwerk:** Oorskietkatoenlappies; aanstryk-vilene; bypassende DMC-masjienborduurgaring; papier, geskikte gom.

AANWYSINGS: Vergroot patroon volgens diagram, op ruitjiespapier waarvan blokkies elk 2 cm groot is, en knip uit gekwilde materiaal en kaliko. Plaas pante met verkeerde kante opmekaar en sigsag rafelrande. Boor dit dan met skuinsband om, maar boor eers halsrand en dan ronding om, sodat daar 'n stuk skuinsband van 20 cm by halsrand verbysteeek om as bandjies te dien. Stik voorande van bandjies opmekaar vas. Maak 'n voorletter soos uiteengesit vir tafelmatties, maar slegs 5 cm lank, en stik dit in posisie op borslap vas (raadpleeg foto).

SKOUERBEURSIE

BENODIGDHEDE: 'n Stuk gekwilde materiaal, 18 x 24 cm groot; kontrasterende skuinsband; sykoord; 'n knopie; bypassende garing.

AANWYSINGS: Vergroot patroon volgens diagram, op ruitjiespapier waarvan elke blokkie 2 cm groot is, en knip die agter- en voorpant volgens aanwysings op diagram, uit gekwilde materiaal. Sigsag rafelrande. Boor kort, reguit rand van voorpant met skuinsband om. Speld en ryg voorpant in posisie aan agterpant vas (raadpleeg diagram). Boor oorblywende rafelrand met skuinsband om en werk lussie by middelpunt van flaprand vas en knopie aan voorpant (raadpleeg foto vir posisies). Knip sykoord om oor beursiedraer se skouer te pas, en werk die koord se eindpunte net bokant voorpant aan agterpant vas (raadpleeg diagram LINKS vir posisie).